SA-eDUC Volume 2, Nommer 1, pp.10-19
Gepubliseer 12 Desember 2005

Die dissiplinesituasie aan Afrikaanse skole: belewenis van 'n groep opvoeders

C.C. Wolhuter en I.J. Oosthuizen
Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus
sooccw@puknet.puk.ac.za; sooijo@puknet.puk.ac.za

Abstract:
The discipline situation at Afrikaans schools: experiences of a group of teachers. The aim with this article is to determine how the learner discipline situation at Afrikaans schools is experienced by teachers. A structured questionnaire, which probed the extent, nature, effect and handling of discipline problems, was completed by an availability sample of 54 educators at Afrikaans schools. Educators were of the opinion that that the discipline situation at their schools was average to good, and that they had effective methods of handling discipline problems. However the incidence of discipline problems, including some forms of serious misconduct, and the effect that this has on educators was reason for concern. The paper concludes with guidelines for further research in order to address the identified areas of concern.

Abstrak:
Die doel van dié artikel is om te bepaal wat die opvoedersbelewenis van die dissiplinesituasie in en om die klaskamer aan Afrikaanse skole is. 'n Gestruktureerde vraelys wat die omvang, aard, effek en hantering van dissiplineprobleme ondersoek, is deur 'n beskikbaarheidsteekproef van 54 opvoeders aan Afrikaansmedium skole voltooi. Opvoeders meen die dissiplinesituasie aan hul skole is gemiddeld tot goed, en hulle meen hulle het doeltreffende maniere om dissiplineprobleme te hanteer. Tog wek die voorkoms van dissiplineprobleme, waaronder sekere vorme van ernstige wangedrag, en die effek wat dit op opvoeders se persoonlike en professionele lewens het, kommer. Die artikel sluit af met riglyne vir verdere navorsing, ten einde hierdie bron van kommer aan te spreek.

Zusammenfassung:
Die Disziplinsituation an afrikaanssprachigen Schulen: Die Erfahrung einer Gruppe Lehrer und Lehrerinnen. Die Absicht dieses Artikels ist festzulegen, was die Erfahrung der Lehrer und Lehrerinnen an afrikaanssprachigen Schulen, hinsichtlich der Disziplinsituation ist. Eine Stichprobe, die aus 54 Lehrern und Lehrerinnen an afrikaanssprachigen Schulen besteht, wird gemacht. Sie füllen einen strukturierten Fragenbogen aus, der den Umfang, die Art, die Wirkung und die Hantierung von Disziplinproblemen untersucht. Lehrer meinen, dass die Disziplinsituation an ihren Schulen durchschnittlich ausgezeichnet sei, und dass sie wirkungsvolle Methoden haben, Disziplinprobleme zu bewältigen. Jedoch, die Erscheinung bestimmter Arten von Disziplinproblemen, dabei bestimmte Formen von ernsthaftem schlechtem Benehmen, und die Wirkung dieser Probleme auf das professionelle und persönliche Leben von Lehrern und Lehrerinnen, sind beunruhigend. Zum Schluss werden Empfehlungen für weitere Forschungen gemacht, um diese Probleme anzusprechen.

Probleemstelling

Suid-Afrikaanse onderwys bevind homself die afgelope dekade in 'n situasie waar die metodes

van dissiplinehandhawing van die verlede binne die nuwe sosiopolitieke- en onderwysregskonteks nie meer aangewend kan word nie. Gereelde persberigte, onder opskrifte soos "Discipline cop-out" (Anon., 2002/1:14), "Primary school sets cops on bullies" (Padayachee, 2002:5), "Hof toe met leerlinge wat monsters word" (Rademeyer, 2004:6) en "Leerlinge teister onnies" (Anon., 2003:1), wek die indruk van 'n dissiplinekrisis aan ten minste sommige Suid-Afrikaanse skole.

Die afgelope aantal jare het 'n aansienlike getal studies oor die dissiplinesituasie in Suid-Afrikaanse skole die lig gesien. Tans ontbreek 'n wetenskaplike perspektief oor hoe opvoeders die dissiplinesituasie aan hulle skole beleef. Aangesien dit juis opvoeders is wat op die sperpunt staan van die leerderdissiplinesituasie in skole, is die rekonstruksie van opvoeders se belewenis van dié situasie noodsaaklik.

Doelstelling

Tans ontbreek 'n wetenskaplike perspektief oor hoe opvoeders aan Afrikaanse skole die dissiplinesituasie aan hulle skole beleef. Die doel van hierdie artikel is om te bepaal hoe opvoeders aan Afrikaanse skole die dissiplinesituasie aan hulle skole beleef.

Literatuuroorsig

In 'n vergelykend-opvoedkundige studie oor leerderdissipline wêreldwyd het Wolhuter en Steyn (2003:521-538) bevind dat die hooftemas wat die wetenskaplike literatuur oor die onderwerp aanraak, die volgende is:

- omvang en aard van leerderdissiplineprobleme
- oorsake/korrelate van leerderdissiplineprobleme
- effek van leerderdissiplineprobleme
- hantering van leerderdissiplineprobleme

Wat die aard en omvang van dissiplineprobleme betref, toon die beskikbare getuienis dat dissipline, ten minste in lande soos die VSA (Anon., 2002-2; Fields, 2000), Engeland (Department of Education and Science and the Welsh Office, 1989:62) en Australië (Johnson, 1993) deur opvoeders en ouers as 'n ernstige probleem beskou word. Tog is dit meestal minder ernstige dissiplineprobleme wat oorheers. Ernstige probleme, dit wil sê kriminele oortredings, kom selde voor (Fields, 2000; Department of Education and Science and the Welsh Office, 1989:61; National Center for Education Statistics, 2002).

Oor die oorsake en korrelate van dissiplineprobleme is bevind dat die literatuur vyf stelle oorsake/korrelate van dissiplineprobleme aandui:

- Leerderverwante faktore: Die voorkoms van dissiplineprobleme hang eerstens met die ouderdom/leeftydfase van leerders saam. Dissiplineprobleme kom byvoorbeeld meer dikwels onder hoërskoolleerders as onder laerskoolleerders voor (Wolhuter & Steyn, 2003:527).
- Opvoederverwante faktore: Die kompetensie en styl van die opvoeder het ook 'n invloed op die voorkoms van dissipplineprobleme.
- Skoolverwante faktore: Die organisasiekultuur van die skool, die fisiese voorkoms van die skool, organisatoriese reëlings en die bestuurstyl van die hoof is skoolverwante faktore wat die stand van dissipline by 'n skool beïnvloed.
- Gesinsverwante faktore: Twee belangrike gesinsverwante faktore wat nou met die dissiplinesituasie by skole saamhang is die voorbeeld en begeleiding wat kinders vanaf hulle ouers ontvang en ouerbetrokkenheid by die skool (Wolhuter & Steyn, 2003: 530-531).

- Samelewingverwante faktore: Die voorbeelde van geweld, rassisme en ander anti-sosiale gedrag wat leerders vanuit die media kry, is moontlike oorsake van wangedrag by skole (McHenry, 2003; Department of Education and Science and the Welsh Office, 1989:16).

Oosthuizen *et al*. (2003) verskaf 'n oorsig van metodes wat aangewend word om dissipline in skole te handhaaf. Hulle verdeel dié metodes in twee hoofgroepe, naamlik reaktiewe en proaktiewe maatreëls. Eersgenoemde sluit verhore deur die skoolbeheerraad, uitsetting, skorsing, kriminalisasie, gemeenskapsdiens en detensie in; terwyl pro-aktiewe metodes estetiese en organisatoriese reëlings, veiligheidsmaatreëls en positiewe dissipline insluit. Die skrywers het tot die gevolgtrekking gekom dat die optimale keuse van die besondere situasie afhang, maar dat daar so ver moontlik aan voorkomende maatreëls voorkeur gegee moet word bo reaktiewe maatreëls.

Met betrekking tot die effek van leerderdissiplineprobleme, het Geyser en Wolhuter (2001:94) in 'n studie oor die loopbaanweë van afgestudeerde opvoedkundestudente bevind dat 4.8% van afgestudeerde opvoedkundestudente wat die opvoedersprofessie verlaat, die gebrek aan 'n onderrig- en leerkultuur by skole identifiseer as rede vir hulle besluit.

Die volgende navorsing is reeds gedoen oor die dissiplinesituasie aan skole:

- Van Wyk (2001) het deur middel van fokusgroepgesprekke, waarneming, onderhoude en vraelyste dissiplinepraktyke en persepsies oor dissipline onder opvoeders, leerders en ouers aan swart skole ondersoek.
- Mabeba en Prinsloo (2000) het met behulp van vraelyste die persepsies van leerders, opvoeders en ouers oor dissipline aan hoërskole ondersoek.
- Mentz *et al*. (2003) het in 'n empiriese ondersoek (beskikbaarheidsteekproef) aan Afrikaanse skole deur middel van vraelyste, skoolhoofde se belewenis van die dissiplinesituasie aan hulle skole ondersoek.
- Rossouw (2003) het deur middel van fokusgroepgesprekke met opvoeders en leerders aan skole in die Vrystaat, Wes-Kaap en Noord-Wes vorme van leerderwangedrag, asook die oorsake en hantering daarvan ondersoek.
- Maree (2000) en Morrell (2001) het deur middel van opnames onder leerders navorsing oor die voorkoms van lyfstraf aan Suid-Afrikaanse skole gedoen.

Na 'n oorsig oor bovermelde beskikbare literatuur oor dissipline aan Suid-Afrikaanse skole, spreek Wolhuter en Oosthuizen (2003:445) die mening uit dat die bestaande literatuur 'n oorveralgemeende beeld skilder. Die Suid-Afrikaanse skoleversameling is naamlik 'n ryk geskakeerde mosaïek, en die histories swart, kleurling-, Indiër- en wit skole het elk hul eie etos. Die meeste navorsing poog om ten spyte van hierdie verskille 'n veralgemeende beeld te skep. Ten einde 'n akkurate beeld van dissipline in Suid-Afrikaanse skole met al hul skakerings te rekonstrueer, moet die bestaande navorsing met studies vanuit meer homogene navorsingsterreine aangevul word.

Hierdie studie het ten doel om die perspektief van opvoeders aan Afrikaanse skole weer te gee. Aangesien een van die studies wat in bogenoemde literatuuroorsig bespreek is, naamlik dié van Mentz *et al*. (2003), spesifiek oor Afrikaanse skole handel, word die resultate van daardie navorsing in enigsins meer besonderhede hier weergegee. Aangesien Mentz *et al*. se navorsing die belewenis van skoolhoofde weergee, vorm die navorsing vir die huidige artikel 'n aanvulling tot hulle werk.

Mentz *et al*. (2003) se empiriese ondersoek aan Afrikaanse skole deur middel van gestruktureerde vraelyste aan skoolhoofde het die volgende aan die lig gebring:

- Van die skoolhoofde het 41% die stand van dissipline by hulle skole as goed bestempel, 51% as gemiddeld, terwyl die res (9%) óf gemeen het dit is swak, óf die vraag nie beantwoord het nie.
- Skoolhoofde openbaar nie 'n gevoel van moedeloosheid oor die stand van dissipline in hul skole nie. Tog het 13.3% van die hoofde wat aan die studie deelgeneem het gerapporteer dat hulle dit al oorweeg het om die professie te verlaat as gevolg van die verswakking van dissipline by leerders.
- Skoolhoofde ervaar dat hoewel hulle hulself sedert 1994 in 'n nuwe omgewing bevind waarin ouers en leerders hul regte ken, daar wel die nodige prosedures is om die nuwe omgewing te kan hanteer. Mentz *et al*. (2003:406) skryf egter dat dit onrusbarend is dat lyfstraf nog in 10% van die skole in die studie toegepas word, in die lig daarvan dat lyfstraf reeds in 1996 wetlik in skole verbied is.

Navorsingsmetode

'n Gestruktureerde vraelys wat dissiplineprobleme ondersoek, is met behulp van 'n beskikbaarheidsteekproef van 54 opvoeders aan Afrikaanse skole in die Vrystaat voltooi. Die opvoeders het 'n dissipplinewerkswinkel in Sasolburg bygewoon, en is daar gevra om elkeen 'n vraelys te voltooi. Ooreenkomstig die bevindinge van die literatuurstudie, soos hierbo uiteengesit, is die volgende aspekte gedek: omvang en aard van dissiplineprobleme, oorsake/korrelate van dissiplineprobleme, effek van dissiplineprobleme en hantering van dissiplineprobleme.

Opnamevraelyste is die metode in die sosiale wetenskappe wat waarskynlik meer as enige ander metode gebruik word (Black & Champion, 1976:379). Dié metode stel die navorser in staat om inligting teen 'n relatief lae koste in te samel. Om oor 'n onderwerp soos leerderdisssipline 'n omvattende bank inligting in te samel met meer direkte metodes, soos waarneming, is so duur en tydrowend en dit is so moeilik om toestemming daarvoor te kry van skole en onderwysdepartemente, dat dit feitlik 'n onhaalbare opsie is. Die vraelysmetode het egter ook sy tekortkominge, soos die onvermoë en onwilligheid van respondente om inligting te verskaf. Respondente kan bewustelik of onbewustelik inligting weerhou wat hulle eie ego's bedreig of benadeel, asook baie persoonlike inligting. Inligting wat uit vraelyste verkry is, neig ook om oppervlakkig te wees of populêre sentimente te weerspieël. Moontlike opvolgnavorsing ten einde aandag aan hierdie probleme te gee, sal in die slotgedeelte van dié artikel aanbeveel word.

Bevindings

Opvoederbelewenis van stand van dissipline

Respondente is gevra om eerstens die algemene leerderdissiplinesituasie by hulle skole, en tweedens in die klasse wat hulle onderrig, te evalueer. Hulle is gevra om hul evaluerings op die volgende 4-punt-Likertskaal te plaas:

- 1: Baie swak
- 2: Swak
- 3: Goed
- 4: Baie goed.

Die gemiddelde antwoorde op die twee vrae was onderskeidelik 2.87 en 2.91, wat daarop dui dat hulle die dissiplinesituasie as "goed" beleef. Die ontleding word in Tabel 1 getoon.

Vorme van wangedrag

Vier-en-twintig vorme van wangedrag is gelys. Die respondente moes op die volgende 5-punt-Likertskaal aandui hoe dikwels elkeen van dié vorme van wangedrag voorkom:

Tabel 1 Opvoedersbelewenis van leerderdissipline in hul skool en in hul klasse (Getal response)

Vraag	Dissiplinesituasie				Gemiddeld
	1 Baie swak	2 Swak	3 Goed	4 Baie goed	
Hoe sou u die algemene leerder-dissiplinesituasie by u skool evalueer?	1	8	40	3	2.87
Hoe sou u die algemene leerder-dissiplinesituasie in die klasse wat u onderrig evalueer?	0	10	38	5	2.91

Tabel 2 Voorkoms van wangedrag. Getalle antwoorde van opvoeders (Frekwensies)

Vorm van wangedrag	Daagliks	Weekliks	Maandeliks	Jaarliks	Nooit	Gemiddeld
	1	2	3	4	5	(1–5)
1. Ontwrigtende gedrag	32	13	3	6	0	1.43
2. Ongemanierdheid	32	11	6	3	0	1.62
3. Onwelvoeglike taal	13	20	12	3	4	2.33
4. Humeurigheid	18	22	8	4	2	2.07
5. Parmantigheid	20	17	8	5	2	2.07
6. Disrespekvol teenoor opvoeder	19	15	12	5	2	2.17
7. Slordige/foutiewe kleredrag	24	13	8	3	1	1.86
8. Pligsversuim	39	6	6	0	1	1.42
9. Laatkommery	30	15	2	2	1	1.58
10. Afwesigheid	30	11	5	4	0	1.66
11. *Crimen injuria* teenoor leerders	12	8	11	11	0	2.98
12. *Crimen injuria* teenoor opvoeders	3	9	16	14	0	3.24
13. Graffiti	2	8	20	10	11	3.27
14. Vandalisme	2	12	19	12	6	3.16
15. Diefstal	4	14	22	10	4	2.93
16. Afknouery	15	11	19	3	6	2.52
17. Geweld	3	9	17	11	12	3.38
18. Bende-aktiwiteite	0	1	8	9	27	4.38
19. Pornografie	0	5	3	19	23	4.20
20. Rook	18	10	4	12	7	2.41
21. Alkoholgebruik binne skool	1	2	4	23	20	2.18
22. Dwelmmisbruik	1	1	2	19	24	4.28
23. Seksuele teistering van medeleerders	0	0	8	2	17	4.18
24. Seksuele teistering van opvoeders	0	0	1	6	35	4.81

- 1: daagliks (gemiddeld een keer per dag)
- 2: weekliks (gemiddeld een keer per week)
- 3: maandeliks (gemiddeld een keer per maand)
- 4: jaarliks (gemiddeld een keer per jaar)
- 5: nooit.

Die response word in Tabel 2 aangedui.

Die volgende vorme van wangedrag kom gemiddeld daagliks voor (gemiddelde 0–1.5, *cf*. Tabel 2):

- ontwrigtende gedrag
- pligsversuim

Die volgende vorms van wangedrag kom gemiddeld weekliks voor (een keer per week, gemiddelde 1.5–2.5, *cf*. Tabel 2):

- Ongemanierdheid
- Onwelvoeglike taal
- Humeurigheid
- Parmantigheid
- Disrespekvolheid teenoor opvoeder
- Slordige/foutiewe kleredrag
- Laatkommery
- Afwesigheid
- Alkoholgebruik binne skool
- Rook

Volgens die respondente het hulle gemiddeld maandeliks (een keer per maand, gemiddelde 2.3–3.5, *cf*. Tabel 2) te kampe met die volgende:

- *Crimen injuria* teenoor leerders
- *Crimen injuria* teenoor opvoeders
- Graffiti
- Vandalisme
- Diefstal
- Afknouery
- Geweld

Die volgende vorms van wangedrag kom gemiddeld jaarliks voor (een keer per jaar, gemiddelde 3.5–4.5, *cf*. Tabel 2):

- Bende-aktiwiteite
- Pornografie
- Dwelmmisbruik
- Seksuele teistering van medeleerders

Die volgende vorms van wangedrag kom nooit voor nie (gemiddelde 4.5+, *cf*. Tabel 2):

- Seksuele teistering van opvoeders

Metodes wat opvoeders aanwend om dissipline te handhaaf

Opvoeders is ook gevra watter metodes hulle aanwend ten einde dissipline te handhaaf en hoe doeltreffend die metodes is. Hulle is gevra om die doeltreffendheid van elke metode te evalueer op die volgende 4-punt-Likertskaal:

- 1: baie ondoeltreffend
- 2: ondoeltreffend
- 3: doeltreffend
- 4: baie doeltreffend

Die response word in Tabel 3 aangedui.

Uit Tabel 3 blyk dit dat opvoeders se ondervinding van die verskillende metodes om dissipline te handhaaf, soos volg is:

Hoewel geen van die metodes as baie ondoeltreffend ervaar word nie, (gemiddelde 1–1.5, *cf*. Tabel 3) word geen metode eweneens as baie doeltreffend ervaar nie (gemiddelde 3.5–4, *cf*. Tabel 3).

Tabel 3 Metodes wat opvoeder aanwend om dissipline te handhaaf en hulle ondervinding van die doeltreffendheid daarvan

Vraag: Watter van die volgende metodes wend u aan om dissipline te handhaaf en wat is u ondervinding ten opsigte van die effektiwiteit daarvan?

Aanwending		Metode	Doeltreffendheid (getal antwoorde)				Gemid. frekwensie
% Ja	% Nee		Baie ondoeltreffend		Baie doeltreffend		
			1	2	3	4	
100	00	Berisping	5	13	29	4	2.63
52	48	Isolasie binne klaskamer	5	15	4	3	2.41
59	41	Isolasie buite klaskamer	5	7	20	7	2.74
74	26	Meriete/Demeriete-puntestelsels	4	15	13	10	2.69
100	0	Stelsel van klaskamerreëls	3	11	24	13	2.92
100	0	Positiewe dissipline	2	6	26	4	3.08
72	28	Leerderdeelname by opstel van gedragskode	2	5	25	9	2.00
100	0	Opwekking van leerdertrots by deelname	2	5	21	10	3.20
89	11	Aanwakker van tradisies	1	9	20	15	3.09
77	23	Verwys na beheerliggaam dissiplinêre komitee	2	6	21	14	3.09
93	7	Gesprek/vergadering met leerder se ouers	1	2	18	20	3.38
100	0	Beklemtoning van waardes	1	10	23	11	2.98
96	4	Gereelde gebed deur opvoeders	2	4	15	21	3.31
100	0	Deeglike voorbereiding deur opvoeder	2	3	16	20	3.32
70	30	Grondige kennis deur opvoeder	3	4	17	27	3.33
71	29	Beloning	3	7	16	14	3.02
86	14	Ontneming van voorregte	1	8	26	9	2.98
15	85	Gemeenskapsdiens	2	8	10	3	2.61
43	57	Ekstra werk	4	13	11	2	2.37
62	38	Detensie	4	14	13	4	2.49
7	93	Lyfstraf	5	5	6	4	2.45
76	24	Verwys na hoof	6	8	19	8	2.05

Die volgende metodes word as doeltreffend ervaar (gemiddelde 2.5–3.5, *cf.* Tabel 3):

- Berisping
- Isolasie buite klaskamer
- Meriete/Demeriete-puntestelsel
- Stelsel van klaskamerreëls
- Positiewe dissipline
- Leerderdeelname by opstel van gedragskode
- Opwekking van leerdertrots by leerders
- Aanwakker van tradisies
- Verwysing na beheerliggaam dissiplinêre komitee
- Gesprekke/vergadering met leerder se ouers
- Gereelde gebed deur opvoeder
- Deeglike voorbereiding deur opvoeder
- Grondige kennis deur opvoeder
- Beloning
- Ontneming van voorregte
- Gemeenskapsdiens
- Beklemtoning van waardes

Opvoeders ervaar die volgende metodes as ondoeltreffend (gemiddelde 1.5–2.5, *cf.* Tabel 3):

- Isolasie binne klaskamer
- Ekstra werk
- Detensie
- Lyfstraf
- Verwys na hoof

Effek van dissiplinesituasie op opvoeders

Opvoeders is ten slotte gevra watter effek die leerdersdissiplinesituasie op hulle het. Die antwoorde verskyn in Tabel 4.

Tabel 4 Effek van leerderdissipline op opvoeders (Getalle antwoorde van opvoeders)

Vraag	Antwoord			Gemiddeld
	1 Nooit	2 Soms	3 Gereeld	
Het die dissiplineprobleme by u skool u al				
• ongelukkig in u werk gemaak?	4	33	15	2.21 (soms)
• spanning in u gesinslewe tot gevolg gehad?	15	30	6	1.81 (soms)
• gesondheidsprobleme by u veroorsaak?	16	27	6	1.80 (soms)
• laat oorweeg om die professie te verlaat?	20	22	8	1.76 (soms)

Dit blyk dus dat dissiplineprobleme die tipiese onderwyser al soms ongelukkig in sy/haar werk gemaak het, soms spanning in sy/haar gesinslewe tot gevolg gehad het, soms gesondheidsprobleme by hom/haar veroorsaak het en soms hom/haar laat oorweeg het om die professie te verlaat. Dit is egter kommerwekkend dat leerderdissiplineprobleme 'n beduidende groep (15 uit 52, oftewel bykans 30%) gereeld ongelukkig in hul werk maak. Aan die ander kant is dit bemoedigend dat baie min (8 uit 40, oftewel 20%) dit gereeld oorweeg om die professie te verlaat as gevolg van leerderdissiplineprobleme.

Samevatting

Die resultate van hierdie navorsing stem grootliks ooreen met dié van Mentz *et al*. (2003) oor die belewenis van hoofde van Afrikaanse skole:

- Soos skoolhoofde, meen opvoeders die dissiplinesituasie in hulle skole is gemiddeld tot goed (*cf.* Tabel 3). Tog het 'n kommerwekkende persentasie van die hoofde wat deelgeneem het aan Mentz *et al*. (2003) se studie sowel as die opvoeders wat aan hierdie studie deelgeneem het dit al oorweeg om die professie te verlaat as gevolg van die stand van leerderdissipline.
- Opvoeders meen hulle het doeltreffende maniere om dissipline te handhaaf (*cf.* Tabel 6). In sowel Mentz *et al*. (2003) se studie as hierdie studie is die voortgesette voorkoms van lyfstraf, nadat dit al sedert 1996 wetlik verbied is, onrusbarend.

Bovermelde uitsprake moet egter onmiddellik gekwalifiseer word. Die volgende toon aan dat die dissiplinesituasie in skole nie heeltemal na wense is nie:

- Opvoeders se uitsprake oor die effek wat dissiplineprobleme op hulle het (*cf.* Tabel 4). Die meeste was as gevolg van die dissiplinesituasie by hul skole soms ongelukkig in hul werk, het al spanning in hul gesinslewe beleef, gesondheidsprobleme gehad en selfs oorweeg om die professie te verlaat.

- Die voorkoms van vorms van wangedrag (*cf*. Tabel 2). Die voorkoms van sommige vorms van wangedrag, insluitende ernstige vorms, wek kommer. Voorbeelde is kriminele vorms van wangedrag soos diefstal, vandalisme en geweld, wat almal gemiddeld een keer per maand by skole voorkom.
- Die afwesigheid van (volgens opvoeders se eie oordeel) baie doeltreffende strategieë om dissipline te handhaaf, en die volgehoue voorkoms van dissiplineprobleme te midde van wat opvoeders ag as doeltreffende metodes van die handhawing van die dissiplinesituasie in hulle skole.

In die lig van die voorafgaande bevindinge, kan die volgende aanbevelings ten opsigte van praktykverbetering en ten opsigte van verdere navorsing maak word:

- Eerstens behoort navorsing oor leerderdissipline gedoen te word deur middel van meer direkte metodes, soos waarneming, ten einde die resultate te kontroleer van hierdie studie, wat op vraelysnavorsing berus.
- Opvoeders wat wel daarin kon slaag om 'n stewige greep op die dissiplinesituasie in hulle skole te kry, moet geïdentifiseer word, en hulle praktyke moet aan etnografiese en fenomenologiese navorsing onderwerp word, en die resultate van sodanige navorsing moet onder die aandag van ander opvoeders gebring word.
- Daar is gemeld dat die literatuurstudie getoon het dat dissiplineprobleme verskil tussen laer- en hoërskole. Die algemene navorsingsresultate waaroor hierdie artikel rapporteer moet ontleed word ten einde resultate te verbesonder na die spesifieke situasie in laerskole en in hoërskole.
- Terwyl die algemene resultate oor metodes wat opvoeders aanwend, eerstens Oosthuizen *et al*. se aanbeveling van proaktiewe eerder as reaktiewe metodes bevestig, en tweedens veral vir beginneropvoeders 'n konkrete aanduiding gee van watter metodes om te probeer en watter om te vermy, sal 'n dieper ontleding (aanwending van kruiskorrelasies) 'n aanduiding gee van watter disspilinemaatreëls in watter situasies die beste potensiaal vir effektiwiteit het.
- Hierdie studie moet uitgebrei word na skooltipes in Suid-Afrika anders as die histories Afrikaanse skole, ten einde 'n volledige beeld te verkry van die dissiplinesituasie in Suid-Afrikaanse skole, soos beleef deur opvoeders.

Verwysings

Anon. 2002/1. Discipline cop-out. *The Citizen*, 12 September 2002.

Anon. 2002/2. *Violence and discipline problems in US public schools: 1996-1997*. In: EBSCO Host: Academic Search Elite, Full Display: http:// www.sa.ebsco.com . Date of access: 17 April 2002.

Anon. 2003. *Leerlinge teister onnies*. Rapport, 6 April.

Black JA & Champion DJ 1976. *Theories and issues of social research*. New York: John Wiley & Sons.

Department of Education and Science and the Welsh Office (United Kingdom) 1989. *Discipline in Schools: Report of the Committee of Inquiry* chaired by Lord Elton. London: HMSO.

Fields BA 2000. School discipline: Is there a crisis in our schools? *Australian Journal of Social Issues*, 35:73-87. In: EBSCO Host: Academic Search Elite, Full Display: http:// www.sa.ebsco.com . Date of access: 17 April 2002.

Geyser HC & Wolhuter CC 2001.Career paths of education graduates and the implications thereof for higher education. *South African Journal of Higher Education*, 15:93-97.

Johnson BOM 1993. Discipline in South Australian primary schools. *Educational Studies*, 19:289-306. In: EBSCO Host: Academic Search Elite, Full Display: http:// www.sa.ebsco.com . Date of access: 5 November 2002.

Mabela MZ & Prinsloo E 2000. Perceptions of discipline and disciplinary problems in secondary education. *South African Journal of Higher Education*, 20:34-41.

Maree K 2000. What cannot be endured must be cured: Untying the Gordian knot of violence in South African

schools. *Acta Criminologia*, 13:1-12.
McHenry I 2000. Conflict in Schools. Fertile ground for moral growth. *Phi Delta Kappan*, 82:223-227.
Mentz PJ, Wolhuter CC & Steyn SC 2003. 'n Perspektief op die voorkoms van dissiplinêre probleme in Afrikaanse skole. *Koers,* 68:391-412.
Morrell R 2001. Corporal punishment in South African schools: a neglected exploration for its persistence. *South African Journal of Education*, 21:292-299.
National Center for Education Statistics (United States of America) 2002. *Violence and discipline in U.S. Public Schools: 1996-1997*. In: EBSCO Host: Academic Search Elite, Full Display: http:// www.sa.ebsco.com . Date of access: 23 April 2002.
Oosthuizen IJ, Wolhuter CC & Du Toit P 2003. Preventive or punitive disciplinary measures in South African schools: Which should be favoured? *Koers,* 68:457-479.
Padayachee N 2002. Primary school sets cops on bullies. *Sunday Times*, 12 August.
Rademeyer A 2004. Hof toe met leerlinge wat monsters word. *Beeld*, 7 February.
Rossouw JP 2003. Leerderdissipline in Suid Afrikaanse openbare skole — 'n kwalitatiewe studie. *Koers,* 68:413-435.
Van Wyk N 2001. Perceptions and practices of discipline in black schools in South Africa. *South African Journal of Education,* 21:195-201.
Wolhuter CC & Oosthuizen IJ 2003. 'n Leerderperspektief op dissipline: 'n kwalitatiewe ontleding. *Koers,* 68:437-456.
Wolhuter CC & Steyn SC 2003. Learner discipline at school: A comparative educational perspective. *Koers,* 68:521-538.